Poppekas- 4 Augustus 2024

<u>Tema: Hy moet meer word en ons minder (Nederigheid).</u>

(Ds. Toit laat die kinders voor sit en hulle roep vir Wysmuis om uit te kom.)

Wysmuis: Hallo Maaitjies! Het julle my gemis? Sjoe dit was darem baie lanklaas wat ek by julle gekuier het. Soos voor Avontuurweek, einde laas kwartaal laas. Ek het julle maats baie gemis en kan nie wag om vanoggend met julle ietsie te deel nie.

Wouter (Baie opgewonde en propvol energie) Hallo Hallo Hallo...

Eend: [Kwaak-kwaak] More, more Maats!!!

Wysmuis+Wouter: Hallo Eend!!

Eend: Hallo -Hallo!!!

Wouter: ooooooo, Se my bietjie maats, Kyk julle ook Olimpiese Spele? ek is mal daaroor!! Watter sport is jou gunsteling Wysmuis?

Wysmuis: Ek hou baie van die Gimnastiek. Ek was op jou jong muis dae, 'n uitstekende gimnas gewees.

Wouter: Wie sou nou dit kon raai Wysmuis. En toe …. Het jy daarna die Kaas in die huis ontdek. Hahaha!!! …..

Eend: My gunsteling sport is natuuuuuurlik SWEM!!!!!!

Wysmuis: O, jaaaa, ek wonder hoekom??

Wouter Ag Wysmuis, net omdat hy n eend is beteken dit nie noodwendig hy is die beste in swem nie

Eend: So waarin is jy goed, Wouter?

Wouter: Ek is die heel beste van ALMAL in ATLETIEK!!!Ek wen die gewigstoot, ek wen die diskus en ek wen die spiesgooi. Ek is so goed, as ek by die baan items aankom, dan weet almal hier kom 'n nuwe rekord.

Wysmuis: Sjoe, Wouter, dit klink indrukwekkend.

Wouter: Jaja, hulle kan vir my NIKS nuuts leer oor atletiek nie. Ek is te goed. Ek maak nie eintlik foute nie en ek wys sommer vir die ander maats hoe om te gooi. Hulle moet my sommer nou al inskryf vir die volgende Olimpiese Spele.

Eend : Wysmuis, ek weet nou nie so mooi nie…….maar Wouter klink vir my maar vreeslik, uhhhm, uhhhm wat is daardie woord, hoogspoggerig !!!.

Wysmuis: Wat sê jy Eend?

Eend: Ja, Pa-Eend sê altyd vir my, as ek teveel oor myself praat en dink ek is beter as die ander eende, is ek hoogspoggerig!

Wysmuis: Nee Nee Eend!. Die woord is eintlik hoogmoedig. Dit beteken jy is vol van jouself.

Wouter: Ek is nie vol van myself nie. Ek is net iemand wat weet ek is die beste in alles wat ek doen!!

Wysmuis: Ek verstaan Wouter. Maar tog moet mens versigtig wees. Want, in die Bybel, in Johannes 3:30 staan daar dat Jesus moet meer word en ons met minder. Jesus wil hê ons moet nie vol van onsself wees nie, maar liewer vol van Hom.

Eend: Maar Wysmuis, mag Wouter dan nie trots wees op homself nie? Ek bedoel, as jy goed is- dan is jy goed.

Wysmuis: Hy mag en moet trots wees. Maar daar kom ‘n punt waar jy te trots is. En dan maak niks en niemand anders meer vir jou saak nie.

Wouter: Wag wag, ek wil die Bybel vers onthou: Jesus moet meer word en ons (uhhhhhhmmm)

Eend: …..MINDER

Wysmuis: Ja, ‘n ander vertaling sê weer dat : Ons moet vol van Jesus wees en nie vol van onsself nie.

Wouter: Ag dankie Wysmuis. Ek gaan nou baie meer versigtig wees in hoe ek met die ander maats praat. En ek wil sorg dat ek nie net vol is van myself nie.

Wysmuis: Kom maats se agter ons aan: 123.. Hy moet meer word en ons ....

Wysmuis: Minder

Wysmuis: Baie mooi Julle!!! Onthou dit nou hierdie week !!

Ongelukkig is dit tyd om te groet !!!

Wysmuis, Wouter en Eend : TOTSIENS Maaitjies.